**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: ‘n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op ‘n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR ’N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 19 JULIE 2022 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. F Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. V Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal |
| Mnr. J Sass | : | Bestuurder: Finansiële State en Beheer |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Fasiliteitsbestuur |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste |
| Mnr. R Stander | : | Bestuurder: Projekte en Boubeheer |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. T Wessels | : | Strategiese Beampte |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk van John Maxwell deel. Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Bestuurders, van onderskeie Direktorate, wat die vergadering bywoon.

***

**BKN002/07/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur - vakansieverlof

***

**BKN003/07/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/07/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 21 JUNIE 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering soos gehou op Dinsdag 21 Junie 2022 bekragtig word.

***(VK WILLEMS) KLERK: KOMITEES***

***

**BKN005/07/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 21 JUNIE 2022**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 21 Junie 2022.

***

**BKN006/07/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 21 JUNIE 2022**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/07/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/07/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat Mev. R Hendricks se skoonma oorlede is; en
- Dat Mev. F Valentyn se ouma oorlede is.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direksie en Bestuurders toe met spesifieke verwysing na die volgende:

***(‘n Visuele voorlegging word gedoen deur die Raad se Strategiese beampte, Mev. T Wessels.)***

Die Uitvoerende Burgemeester neem die Komiteelede deur die voorlegging wat die gebreke in die Bergrivier Munisipale area uitwys.

Die volgende punte word uitgewys:

- Dat rolverdeling tussen die politieke struktuur en administrasie toegepas moet word in die Munisipaliteit;
- Dat indien navrae deur die publiek/gemeenskap gerig word dit so spoedig moontlik beantwoord moet word met ‘n ontvangserkenning per e-pos/skrywe;
- Dat gevolgebestuur toegepas moet word ten opsigte van dienslewering in Bergrivier Munisipaliteit;
- Dat die Senior Bestuur die amptenare moet aanmoedig om hul werk tot die beste van hul vermoë te doen en dat ongelukkigheid van amptenare dienslewering negatief kan beïnvloed;
- Dat die Raadslede in kennis gestel moet word rakende kommunikasie wat aan die publiek gegee word;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit soos ‘n besigheid bedryf moet word en dat alle persone intern/ekstern soos kliënte behandel moet word;
- Dat goeie samewerking en kommunikasie tussen Raadslede en amptenare moet plaasvind; en

- Dat daar gekyk moet word na die herstel van die Watsonia sportgronde, Velddrif sypaadjie (RSEP program), Velddrif se ou-begraafplaas wat geen omheining het nie, die plaveisel by Albatroslaan wat nie herstel is na die oproer nie, die onwettige struktuur in Velddrif by “White City”, die taxi-rank en stalletjies in Velddrif wat nie gebruik word nie;
- Dat deeglike beplanning gedoen word ten opsigte van projekte asook onderhoud van bestaande projekte; en
- Dat ondersoek ingestel word na die moontlike her-allokering van die R1 miljoen vir begraafplaas Porterville na omheining van die ou begraafplaas te Velddrif.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank alle werknemers vir die werk wat gedoen word en dat indien daar probleme/kwessies is wat aandag benodig, dit onder die aandag van die senior bestuur gebring moet word.

**KENNIS GENEEM**

***

***(‘n Kort breek word vanaf 10:30 – 10:37 toegestaan, waarna al die Bestuurders (behalwe die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal) en die Strategiese Beampte die vergadering verlaat.)***

**BKN009/07/2022**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/07/2022**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/07/2022**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN012/07/2022**
**<u>OVERSIGHT ROLE OF COUNCIL: IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE FOURTH QUARTER AND THE FINANCIAL YEAR 2021/2022</u>**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item kortliks in.

Aanvullende inligting word gelewer deur die Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die monitering van die “Procurement Plan”, die uitdagings wat geïdentifiseer is by die Voorsieningskanaalbestuursafdeling en dat ‘n in-diepte gesprek sal plaasvind by die Strategiese Sessie van die

Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten opsigte van uitdagings wat ervaar word in die onderskeie Direktorate.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 July 2021 to 30 June 2022 representing both the fourth quarter as well as the financial year 2021/2022; and

2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN013/07/2022**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN014/07/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN015/07/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN016/07/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN017/07/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN018/07/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***